# AFDELING B

# ARTIKELS

## ARTIKEL 1

## DIE AARD EN INHOUD VAN DIE REds-BEMAGTIGINGSPROGRAM

## 1. INLEIDING

Die MIV- en VIGS-pandemie het ’n geweldige invloed op individue, sowel as gemeenskapstrukture, soos die gesin, en is besig om dié strukture te vernietig (Frolich, 2010:373). Na beraming word ongeveer 50 000 persone per maand geïnfekteer deur die MI-virus. Baie van die persone sal nie getoets wees vir die MI-virus nie en sal eers uitvind wanneer die siekte reeds skade aangerig het (Soul City, 2005:20).

Zastrow en Kirst-Ashmann (2004:381) verduidelik dat bemagtiging ’n sleutelkonsep is om persone van hulp te wees wat geïnfekteer en geaffekteer word deur die MIV- en VIGS- pandemie. Becker (2005:111) definieer bemagtiging as ’n proses waardeur individue, gesinne, groepe en gemeenskappe gehelp word om hul persoonlike, sosio-ekonomiese en politieke kragte te versterk en ook beïnvloeding te bewerkstellig om hul omstandighede te verbeter.

Die REds-bemagtigingsprogram behels ondersteuning en bemagtiging vir onderwysers wat geaffekteer word deur die MIV- en VIGS-pandemie. Die doel van die program is om onderwysers instaat te stel om hulself te bemagtig teen die invloed van die MIV- en VIGS- pandemie. Daar is spesifiek gefokus op onderwysers, aangesien onderwysers nie in afsondering leef of werk nie en hul direk geraak word deur die MIV- en VIGS-pandemie.

## 2. PROBLEEMSTELLING

MIV is die virus wat die menslike liggaam aanval en die witbloedselle, wat belangrik is vir die mens se immuunsisteem, vernietig. Die invloed van die MIV- en VIGS-pandemie het ’n verwoestende effek op Afrika en spesifiek ook op Suid-Afrika. Teen die einde van 2007 is ongeveer vyf miljoen mense in Suid-Afrika deur die virus geïnfekteer (Abdool Karim, & Abdool Karim; 2010:45). Dorrington et al. (2002:1) meld dat Suid-Afrika ’n geweldige impak ervaar as gevolg van die MIV- en VIGS-pandemie, met miljoene mense wat daardeur geraak word. Volgens die vorige minister van maatskaplike ontwikkeling van Suid-Afrika, Dr Zola Skweyiya (Molwedi,

2006:5) is een uit elke agt kinders in Suid-Afrika alreeds sonder ouers as gevolg van die MIV- en VIGS-pandemie.

Dit is duidelik dat die MIV- en VIGS-pandemie ’n definitiewe, negatiewe invloed op die onderwysstelsel het. Onderwysers word dus op die een of ander wyse geraak deur die pandemie. Indirek het dit dus ook ’n uitwerking op leerders by skole. Theron (2005:56) meld verskillende wyses waarop die MIV- en VIGS-pandemie die onderwysstelsel saboteur: sterftes onder onderwysers; kwaliteit van onderwys neem af; die vraag na onderwys neem af en die onderwyssektor se koste is hoog as gevolg van substituut- en tydelike onderwysers wat benodig word.

Volgens Simmons (2001) het die jaarlikse sterftes onder onderwysers met 40% binne ’n tydperk van ’n jaar vermeerder as gevolg van die MI-virus. Skoolopleiding sowel as tersiêre opleiding is een van die belangrikste komponente wat aandag behoort te geniet in ’n ontwikkelende land.

Met die navorsing is daar gefokus op lewensoriëntering-onderwysers vanuit Evaton, in die Vaaldriehoek, Gauteng. Onderwysers kom daagliks in aanraking met kinders wie se familielede deur die MI-virus geïnfekteer of geaffekteer is, of met kinders wat self deur die virus geïnfekteer of geaffekteer is. Dikwels is dit onderwysers wat self gebuk gaan onder die virus.

Vanuit bogenoemde is dit dus duidelik dat onderwysers ’n definitiewe ondersteuningsraamwerk benodig. Theron (2005:56) van die Noordwes-Universiteit (Vaaldriehoek Kampus) het ’n navorsingstudie onderneem om die impak van die MIV- en VIGS-pandemie op onderwysers te bepaal, sowel as hoe dit die onderwysers se weerstand teen die MIV- en VIGS-pandemie affekteer. Vanuit die navorsing is die REds-bemagtigingsprogram (Resilient Educators Support Programme) ontwikkel. Die program fokus op onderwysers wat geaffekteer word deur die MIV- en VIGS-pandemie en was alreeds geïmplementeer in drie provinsies, naamlik Noordwes, Gauteng en die Vrystaat.

Uiteraard moet daar gekyk word na hoe effektief die program werklik is. Die volgende vraag word dus in die artikel aangespreek:

❖ Wat is die aard en inhoud van die REds-bemagtigingsprogram.

## 3. DOEL

Die doel van die artikel is om 'n oorsig te gee van die aard en inhoud van die REds-bemagtigingsprogram.

## 4. DIE AARD VAN DIE PROGRAM

'n Groepwerkprogram, bestaande uit nege modules, is aan respondente aangebied. Dit is by groepbyeenkomste bespreek. Vyftien lewensoriëntering-onderwysers het aan die program deelgeneem wat ondersteuning ten opsigte van die MIV- en VIGS-pandemie behels. Daar is gefokus op die sterkte-benadering wat deel gevorm het van die program. Vervolgens 'n verduideliking van die sterkte-benadering sowel as groepwerk.

### 4.1 Sterkte-benadering

Volgens die sterkte-benadering word gefokus op persone se sterktes om hul sodoende te bemagtig om die lewenseise te kan hanteer. Toseland en Rivas (2009:140-141) meld in dié verband dat alle persone sekere sterktes het en dat op hul sterktes gefokus moet word om hul sodoende te bemagtig.

Zastrow (2009:213-214) verwys ook na die sterkte-benadering as bemagtiging en meld bemagtiging impliseer om die vaardighede en sterktes van persone, in kontras met die patologiese perspektief wat fokus op gebreke, te identifiseer, te benut, te bou en te versterk. Du Bois en Miley (2005:26-27) verduidelik ook dat op persone se sterktes gefokus moet word ten einde tekortkominge of probleme te oorkom.

Skrywers soos Blundo (2001:302), Lee (2003:386-387), Schatz en Flagler (2004:64), sowel as Stutterheim en Weyers(2004:8-9) meld dat die sterkte-benadering op sekere beginsels gebaseer is, byvoorbeeld:

- Alle individue, groepe en gemeenskappe beskik oor sterktes,
- Alle gemeenskappe beskik oor hulpbronne, byvoorbeeld klinieke en hospitale, en
- In die bemagtigingsproses is elke persoon verantwoordelik vir sy eie sukses.

Skrywers soos Chazin et al. (2000:198-200), Graybeal (2001:234), Orsulic-Jeras et al. (2003:240) en Saleebey (2004:589-590) verskaf die volgende voordele van die sterkte- benadering:

- ❖ Die uniekheid van elke respondent word onvoorwaardelik erken en benut in die bemagtigingsproses,
- ❖ Respondente leer hoe om hul sterktes te identifiseer, te organiseer en te gebruik, asook hoe om gemeenskapshulpbronne te benut, en
- ❖ Sterktes van die respondente word deur die navorser erken en gerespekteer. Hierdeur word die respondente bemagtig om hul eie kragte en potensiaal te benut en uitdagings beter te hanteer.

Die volgende nadele word deur bogenoemde skrywers genoem:

- ❖ Die navorser sowel as die respondente kan onrealistiese verwagtinge koester,
- ❖ Respondente kan weerstand bied teen die bemagtigingsproses, en
- ❖ Respondente behoort self hul sterktes te identifiseer, maar is dikwels nie instaat om hul eie sterktes te identifiseer nie.

Die REds-bemagtigingsprogram fokus op die sterkte-benadering deurdat die program se doel is om lewensoriëntering-onderwysers te bemagtig. Bemagtiging vind plaas deur die spesifieke temas wat tydens die nege modules met die lewensoriëntering-onderwysers bespreek word.

## 4.2 Definisie van groepwerk

Toseland en Rivas (2005:12) omskryf groepwerk as 'n doel-georiënteerde aktiwiteit wat fokus op die sosio-emosionele behoeftes van groeplede en die voltooiing van spesifieke aktiwiteite van individuele lede en/of die groep as geheel. Hul meld ook dat die mens nie in isolasie bestaan nie en groepe dus die struktuur verskaf waarop die gemeenskap gebou is.

Roux (2002:19) omskryf groepwerk as volg: "'n Metode in maatskaplike werk waarvolgens individuele en groepdoelstellings deur middel van die toepassing van

die groepwerkproses bereik word". Groepwerk is dus 'n proses waartydens individue 'n eenheid vorm om 'n spesifieke doel te bereik.

Deur middel van groepwerk word groeplede instaat gestel tot deelname aan die groepproses en kan hul van mekaar leer, verhoudings vorm, aanvaarbare gedrag en veerkragtigheid aanleer, sowel as persoonlike doelstellings bereik. Toseland en Rivas (2005:22) meld dat daar 'n verskeidenheid groepe is wat benut kan word, naamlik opvoedkundige groepe, ondersteuningsgroepe, terapeutiese groepe, sosialiseringsgroepe en ontwikkelingsgroepe. Die doel van die groep bepaal dus watter soort groep benut word. Groepwerk is dus 'n doelbewuste proses wat benut word om spesifieke doelstellings in groepverband te bereik.

## 4.3 Administratiewe aspekte van groepwerk

Toseland en Rivas (2009:149-422) identifiseer die volgende administratiewe aspekte van groepwerk, wat hoofsaaklik 'n beplanningsfunksie is:

### 4.3.1 Bepaling van ´n groepdoel

Die groepdoel sal afhang van die aard van die probleme of die temas onder bespreking. Deur middel van die formulering van 'n groepdoel word leiding aan groeplede verskaf en skakel dit onnodige frustrasie by groeplede wat onseker is oor die doel van die groep, uit. Toseland en Rivas (2009:153) wys daarop dat die groepdoel van so 'n aard moet wees dat dit individuele doestellings kan vervat, sowel as die algemene doel van die groep.

### 4.3.2 Beoordeling van potensiële borge en lede van groep

Beoordeling van moontlike borge vind plaas om vroegtydig te bepaal watter en hoeveel hulpbronne tot die navorser se beskikking is. Roux (2002:163-164) beklemtoon die belangrikheid om die regte groeplede vir 'n spesifieke groep te kies. Tydens dié fase besluit die navorser wie om vir die spesifieke groep te kies. Die navorser word ook in staat gestel om die omvang van die behoeftes of probleme van groeplede vroegtydig te bepaal.

Toseland en Rivas (2009:155) meld dat die volgende elemente in ag geneem moet word tydens beoordeling van potensiële borge en lede:

- ❖ Doel en hulpbronne van die organisasie,
- ❖ Vlak van ondersteuning vir groeplede deur die organisasie,
- ❖ Aard van die behoeftes van die groep,
- ❖ Koste en voordele vir die groep in verhouding tot die organisasie wat as borg optree, en
- ❖ Die vlak van behoefte aan die spesifieke groep binne die gemeenskap.

### 4.3.3 Werwing van groeplede

’n Groep behoort uit ’n minimum van vyf en ’n maksimum van twaalf lede te bestaan. Groeplede moet ook ingelig word oor wat hulle van die groep kan verwag en hulle moet ook self besluit of hulle bereid is om aan die groep deel te neem.

Toseland en Rivas (2005:160) meld dat daar na die volgende elemente gekyk moet word wanneer groeplede gewerf word:

- ❖ Die aard van die probleem of behoeftes wat deur die groep aangespreek sal word,
- ❖ Lede se erkenning van die groepdoel en ook hul gedeelde siening van die groepdoel,
- ❖ Kulturele invloede sowel as ander verskille wat ‘n invloed kan hê op die gedeelde siening van die groepdoel,
- ❖ Groeplede se siening van die organisasie wat as borg optree,
- ❖ Demografiese verskille van potensiële groeplede,
- ❖ Potensiële voordele vir groeplede,
- ❖ Hindernisse en probleme wat kan voorkom ten opsigte van groep deelname, en
- ❖ Hulpbronne benodig van organisasies en gemeenskappe om groepdeelname en belangstelling te verseker.

### 4.3.4 Vorming van die groep

Toseland en Rivas (2009:163) meld in dié verband dat wanneer die groep gevorm word, kies die navorser groeplede volgens hul behoeftes en die oorhoofse doel van die groep. Die navorser sal besluit hetsy ’n groot of klein groep benut word en of die groepdeelname oop of geslote sal wees. Toseland en Rivas (2009:168) verduidelik in dié verband dat oop groepe ’n konstante getal groeplede handhaaf en indien ’n groeplid nie meer deel vorm van die groep nie, word ’n nuwe groeplid geselekteer. Geslote groepe begin en eindig met dieselfde aantal groeplede en vergader gereeld vir groepbesprekings.

### 4.3.5 Oriëntering van groeplede

Die navorser voer individuele onderhoude met groeplede om sodoende te bepaal of hul geskik is vir die spesifieke groep en om vir die groeplede meer inligting te verskaf oor die spesifieke groep. Toseland en Rivas (2009:170) meld dat oriënteringsonderhoude belangrik is omrede dit groeplede die geleentheid gun om eerste indrukke van mekaar te vorm.

### 4.3.6 Kontraktering

’n Kontrak word opgestel en deur elke groeplid onderteken. Dit vervat elke groeplid se individuele doelstellings, sowel as groepreëlings en prosedures, wat gevolg moet word. Toseland en Rivas (2009:171) meld dat kontraktering oor die algemeen geskied tydens die beplanningsfase sodat groepprosedures vasgestel kan word, sowel as individuele doelstellings vir groeplede bepaal kan word.

### 4.3.7 Voorbereiding van die groep-omgewing

Die navorser moet toesien dat ’n geskikte lokaal beskikbaar is vir die byeenkomste wat maklik bereikbaar is vir alle groeplede. Hulpbronne soos stoele, tafels, skryfbehoeftes, ensovoorts moet ook verkry en beskikbaar wees. Corey en Corey (2002:108-109) meld dat groepe dikwels faal as gevolg van onvoldoende bymekaarkomplekke. Toseland en Rivas (2009:174) noem dat daar gekyk moet word na die lokaal grootte, meubels, tegnologie, atmosfeer, spesiale behoeftes en finansies wanneer voorbereiding van die groepomgewing plaasvind.


### 4.3.8 Voltooi finansiële reëlings

’n Deeglike begroting moet opgestel word. Alle finansiële aspekte ten opsigte van die groep moet in ag geneem en bepaal word. Voorsiening moet gemaak word vir verversings, telefoon uitgawes en brandstof. Die werker moet bepaal hoe die uitgawes wat ten opsigte van die groep aangegaan moet word, gedek sal word (Toseland & Rivas, 2009:175).

### 4.3.9 Bepaal geskrewe groepvoorstel

’n Geskrewe groepvoorstel dien die doel om potensiële borge te werf en om potensiële groeplede in te lig wat die spesifieke groep behels. Roux (2002:153) verskaf die volgende skematiese voorstelling van die beplanningsproses:

**SKEMATIESE VOORSTELLING 2: PLANNING PROCESS**




## 4.4 Fases in groepwerk

### 4.4.1 Beginfase

Die beginfase behels die bekendstelling van groeplede, verduideliking van die doel en funksie van die groep, verduideliking van die reëls en vertroulikheid van die

groep, vestiging van 'n gevoel van groepeenheid, vestiging van ontwikkeling van die groep, die skep van 'n balans tussen sosio-emosionele aspekte en take van die groepproses, die skep van doelstellings en doelwitte, werkskontraktering en bepaling van beperkings tot bereiking van individuele- en groep doelstellings. Corey et al., (2010:132) meld tydens die beginfase word daar op oriëntering en verkenning gefokus. Groeplede leer mekaar ken, word bewus gemaak van die groepdoel en groeplede verbaliseer hul verwagtings en groepnorme. Volgens Becker (2005:34) moet die doel van die groep die bestaan van die groep regverdig en daarom moet die doel gesamentlik opgestel word deur die groepleier en groeplede.

Etiese aspekte moet reeds tydens die beginfase en ook tydens al die ander fases van die groepproses in ag geneem word. Alle professionele organisasies moet etiese kodes en standaarde in plek stel ten opsigte van werk met kliënte in groepverband (Jacobs et al., 2002:388). Etiese aspekte wat in ag geneem moet word, is ingeligte toestemming, groepleier vaardighede en opleiding en toepaslike uitvoer van groepbyeenkomste, sowel as vertroulikheid.

### 4.4.2 Beoordeling

Tydens die beoordelingsfase geskied beoordeling van die funksionering van die groeplede, die funksionering van die groep in geheel, die groep omgewing en die gemeenskapsomgewing. Beoordeling vind plaas sodat bepaal kan word of die groep in sy doelwitte slaag en of die groeplede individuele doelstellings bereik het (Corey et al., 2010). Zastrow (2009:13) verduidelik dat beoordeling 'n deurlopende proses is wat plaasvind om doelstellings en doelwitte aan te pas, afhangende van die groepdinamika en –ontwikkeling.

Volgens skrywers soos Toseland en Rivas (2009:216-217), is beoordeling een van die uitdagendste aspekte in groepwerk as gevolg van komplekse menslike gedrag en groepdinamika. Hul meld voorts dat beoordeling ook tydens elke fase van groepwerk voorkom, maar dat die beoordelingsproses meer tyd in beslag neem tydens die beginfase van die groep, omrede die navorser tydens dié fase poog om 'n geheelbeeld van die funksionering van die groep en sy lede te verkry.

### 4.4.3 Middelfase

Die middelfase behels voorbereiding vir groepbyeenkomste, strukturering van groepwerk, bemagtiging en betrokkenheid van groeplede, hulp aan lede om hul doelstelling te bereik en evaluering van groepvordering. Corey et al. (2010:228) verwys na die middelfase as die werkfase en bespreek dit soos volg: "*The working stage is characterized by the commitment of members to explore significant problems they bring to the sessions and bring their attention to the dynamics within the group*". Die werkfase vereis minder intervensie en strukturering as die beginfase en beoordelingsfase. Tydens dié fase sal groeplede ook aktief deelneem aan groepbesprekings.

Toseland en Rivas (2009:253) meld dat die groep tydens die middelfase reeds as ’n eenheid behoort te funksioneer. Groepdinamika is dan reeds gevestig, byvoorbeeld spesifieke kommunikasiepatrone en gevestigde groepnorme en -waardes.

### 4.4.4 Evalueringsfase

Toseland en Rivas (2009:400) omskryf evaluering as ’n proses waardeur inligting oor die uitwerking van ’n intervensie, of die uitwerking op die totale groep se ervaring verkry word. Volgens bogenoemde skrywers kan evaluering op ’n formele en informele wyse geskied. Die formele wyse verwys na reeds opgestelde vraelyste of ander meetinstrumente wat bepaal is. Die informele wyse verwys na gesprekke wat gevoer word tussen die navorser en die groeplede.

Skrywers soos Cournoyer (1996:311) en Corey et al. (2010:276) meld in dié verband dat evaluasie ’n proses is waardeur die vordering tot die bereik van doelwitte en die doelstelling bepaal word. Die navorser kan dus bepaal of enige vordering gemaak word, al dan nie. Evaluering is ook ’n basiese aspek van enige groep en beide die groepleier en groeplede trek voordeel daaruit.

### 4.4.5 Eindfase

Corey et al. (2010:266-280) en Cournoyer (1996:360-377) meld dat die eindfase die afsluiting van ’n proses behels en daar gefokus moet word op die hersiening van die proses, finale evaluasie, die deel van gevoelens, afskeid neem en om inskrywings te maak van die vordering van die groep. Hierdie fase verskaf ook aan groeplede die

geleentheid om die verhouding wat tussen die navorser en groeplede ontwikkel het, op ’n gesonde, effektiewe manier te beëindig.

Die eindfase is net so belangrik soos enige van die ander fases, en behoort die navorser genoeg tyd in te ruim vir aktiwiteite wat gepaard gaan met die eindfase. Toseland en Rivas (2009:379) meld dat die groepwerker tydens die fase ook sy/haar eie gevoelens behoort te hanteer rondom die beëindiging van die groep, aangesien dit ook vir die groepwerker gepaard kan gaan met sterk emosionele reaksies.

## 4.5 Onderdele van groepwerk

Toseland en Rivas (2009:64-83) meld dat die volgende drie onderdele van die groepwerkproses tydens die ontwikkeling van die groepdinamika in ag geneem moet word wanneer ’n groep gevorm word:

### 4.5.1 Kommunikasie en interaksiepatrone

Wanneer groeplede met mekaar kommunikeer, ontwikkel daar interaksiepatrone wat voordelig kan wees vir alle groeplede. Deur middel van kommunikasie en bepaalde interaksie-patrone leer die groeplede meer van mekaar. ’n Groepleier met kennis van sinvolle kommunikasie en interaksie, kan tussenbeide tree ten opsigte van patrone wat gevorm word om die groep daartoe te lei om die gewenste doelstellings te bereik en sosio-emosionele bevrediging vir groeplede te verseker (Toseland en Rivas, 2009:65). Die navorser moet let op verbale kommunikasie, nie-verbale kommunikasie, sowel as sub-groepe wat deur groeplede gevorm kan word.

### 4.5.2 Groepverbondenheid

Corey et al. (2010:153-154), sowel as Toseland en Rivas (2009:75) meld dat daar verskeie redes kan wees waarom ’n groeplid aangetrokke voel tot ’n groep, byvoorbeeld ’n behoefte aan sekuriteit, aansien wat ’n groeplid kan verkry deur aan ’n spesifieke groep te behoort en die verwagting dat die groeplid voordeel kan trek uit die groep. Groepverbondenheid hou ’n verskeidenheid voordele in vir groeplede, onder andere dat hulle gewaardeer en aanvaar word deur ander groeplede. Groepkohesie het die volgende uitwerking op groeplede:

- ❖ Groeplede put genot uit die groepervaring,

- Groeplede toon ’n bereidwilligheid om te luister, en
- Groeplede is bereid om verantwoordelikheid te aanvaar vir die groep funksionering.

### 4.5.3 Maatskaplike integrasie

Voorbeelde van maatskaplike beheer meganismes is norme, rolle, status en groep kultuur en word vervolgens bespreek. Toseland en Rivas (2009:78) meld dat maatskaplike integrasie eenvormigheid skep oor die doel en doelstellings van die groep en dit help dus die groeplede om die proses in ’n ordelike en suksesvolle wyse aan te pak, ten einde die doelstellings te bereik.

#### 4.5.3.1 Norme

Norme verwys na gedeelde verwagtings oor wat toepaslike gedrag in ’n maatskaplike omgewing is, byvoorbeeld ’n groep (Corey et al., 2010:87-88, Toseland en Rivas, 2009:78-80, Zastrow, 2009:99-101). Norme binne ’n groep ontwikkel soos wat die groep ontwikkel, deurdat groeplede mekaar se gedrag observeer. Bogenoemde skrywers onderskei tussen overte en koverte norme. Overte norme verwys na norme wat duidelik verbaal oorgedra kan word deur die navorser en groeplede. Koverte norme verwys daarna dat norme oorgedra word deur wyse van invloed van die manier hoe groeplede optree en in interaksie met mekaar tree.

#### 4.5.3.2 Rolle

Rolle verwys na die gedeelde verwagtings oor die funksie van individue binne die groep (Toseland en Rivas, 2009:80-81). Rolle binne groepverband is belangrik, aangesien dit ruimte verskaf vir toepaslike gebruik van mag en verdeling van werk. Dit verskaf ook sosiale beheer deurdat dit aan groeplede leiding verskaf oor hoe om op te tree.

#### 4.5.3.3 Status

Toseland en Rivas (2009:81-82) meld dat status verwys na die evaluasie van die rangorde van elke groeplid binne groepverband. ’n Groeplid se status binne die groep word bepaal deur die persoon se aansien, posisie en erkende ervaring buite

die groep. Status dien as ’n maatskaplike beheermeganisme deurdat groeplede met minder status, heel waarskynlik minder sal konformeer as groeplede met meer status.

#### 4.5.3.4 Groepkultuur

Groepkultuur verwys na die waardes, norme, oortuigings en tradisies wat nagevolg word deur ’n spesifieke groep. Hoe meer ooreenkomste daar bestaan tussen groeplede, hoe sterker sal die groepkultuur wees. Die omgewing waarin ’n groep hom bevind het ook ’n invloed op die groep kultuur, aangesien die mens nie onafhanklik van sy omgewing gesien kan word nie. Die individu volg steeds die reëls van sy gemeenskap na (Toseland & Rivas, 2009:83-86).

## 4.6 Klassifisering van groepe

Groepe kan soos volg geklassifiseer word afhangende van die doel van die groep. Skrywers soos Corey et al. (2010:11-15), Preston-Shoot (2007:50-57),Toseland en Rivas (2009:13-14) en Zastrow (2009:3-7) identifiseer die volgende groepe:

### 4.6.1 Opvoedkundige groepe

Opvoedkundige groepe fokus daarop om gespesialiseerde vaardighede en kennis aan groeplede oor te dra, byvoorbeeld die hantering van spanning, ouerskapvaardighede en kinderopvoeding. Die groepleier is gewoonlik ’n professionele persoon met gespesialiseerde kennis en vaardighede ten opsigte van die kennis en vaardighede wat aan groeplede oorgedra moet word.

### 4.6.2 Sosialiseringsgroepe

Verwys na groepe waarvan die doel is om gedrag en houdings te ontwikkel wat sosiaal aanvaarbaar is in ’n gemeenskap, byvoorbeeld ontwikkeling van sosialiseringsvaardighede, verbetering van die selfbeeld en toekomsbeplanning. Dit kan ook ’n geleentheid verskaf vir positiewe ervarings en goeie verhoudings. Voorbeelde van sosialiseringsgroepe is sosialiseringsklubs, dagsorgsentrums en jeugklubs.

### 4.6.3 Selfhelpgroepe / ondersteuningsgroepe

Selfhelpgroepe het ten doel om individue te help om maatskaplike- en persoonlike probleme te oorwin, byvoorbeeld ’n groep vir alkoholverslaafdes en dwelm ondersteuningsgroepe. Groeplede van dié groepe het gewoonlik dieselfde maatskaplike of persoonlike probleme. Die selfhelpgroep word gevorm om hierdie maatskaplike- of persoonlike probleme aan te spreek.

### 4.6.4 Behandelingsgroepe / taak georiënteerde groepe

Behandeling georiënteerde groepe verwys na groepe waarvan die doel is om die groeplede se sosio-emosionele behoeftes te bevredig, byvoorbeeld terapie, groei en sosialisering. Met behandelingsgroepe word die rolle nie vooropgestel nie, maar word dit deur die groeplede bepaal (Toseland & Rivas, 2005:15).

Behandeling georiënteerde groepe toon die volgende eienskappe:

- Die groeplede word verbind deur ooreenstemmende behoeftes of situasies,
- Rolle binne die groep ontwikkel deur middel van interaksie tussen groeplede,
- Kommunikasiepatrone is oop en groeplede word aangemoedig tot interaksie,
- Geen rigiede prosedures ten opsigte van groepbyeenkomste word gevolg nie,
- Groeplede het dieselfde bekommernisse of probleme,
- Groeplede moet self hul bekommernisse of probleme met die groep deel,
- Vertroulikheid word gehandhaaf, en
- Evaluasie fokus daarop om te bepaal of groeplede hul individuele behandeling doelstellings bereik het (Toseland & Rivas, 2001:15-16).

Taak georiënteerde groepe verwys na groepe waarvan die doel nie direk betrekking het op die groeplede nie. Toseland en Rivas (2005:15) meld dat lede binne taak georiënteerde groepe spesifieke rolle vertolk deur die proses van interaksie, maar ontwikkel rolle ook as gevolg van lede se spesifieke posisie binne ’n organisasie.

### 4.6.5 Probleemoplossingsgroepe / besluitnemingsgroepe

Dié spesifieke groepe toon ooreenstemming met taak georiënteerde groepe. Hierdie soort groep kom dikwels voor by maatskaplike dienslewering organisasies en word aangewend vir die ontwikkeling van ’n behandelingsplan vir individuele groeplede. Groeplede is direk betrokke by probleemoplossing en besluitneming. Anders as by taak georiënteerde groepe, word spesifieke rolle vertolk.

### 4.6.6 Fokusgroepe

Zastrow (2009:5) omskryf fokusgroepe as ’n groep wat gevorm word om spesifieke onderwerpe te bespreek, dikwels met behulp van vraelyste, gevorm om inligting te verkry of idees te ontwikkel.

Fokusgroepe toon ooreenstemming met taakgroepe, probleemoplossing groepe, sowel as besluitnemingsgroepe. Die doel van fokusgroepe kan wees om behoeftes te identifiseer, om voorstelle te ontwikkel vir probleemoplossing of om reaksies of alternatiewe benaderings te toets.

Die REds-bemagtigingsprogram kan beskou word as ’n behandelingsgroep wat ondersteuning en opvoeding aan lewensoriëntering-onderwysers verskaf het, ten einde hul instaat te stel om die MIV- en VIGS-pandemie te hanteer.

## 4.7 Voor- en nadele van groepe

Roux (2002:187), sowel as Toseland en Rivas (2009:16-18), bespreek die voor- en nadele van groepe, soos volg:

### 4.7.1 Voordele

- Groeplede deel ’n algemene doel en doelstellings,
- Groeplede ondersteun mekaar,
- Groeplede deel ’n gevoel van samehorigheid deurdat hul besef dat ander groeplede dieselfde probleme as hul ervaar,
- Groeplede leer om te sosialiseer en vriendskappe te smee,
- Groeplede en die groepleier dien as ’n rolmodel vir mekaar, en

- ❖ Groeplede leer van mekaar deur ervarings en inligting met mekaar te deel.

### 4.7.2 Nadele

- ❖ Groeplede openbaar self hul bekommernisse of probleme en dus kan hul blootgestel word aan lede wat nie vertroulikheid handhaaf nie,
- ❖ Groeplede kan snedige opmerkings teenoor mekaar maak,
- ❖ Groeplede met introvertiese eienskappe sal nie so aktief aan die groepbesprekings deelneem nie, en
- ❖ Groeplede kan afhanklik raak van die groep.

Bogenoemde voor- en nadele het ook voorgekom tydens die aanbieding van die REds-bemagtigingsprogram.

## 5. INHOUD VAN DIE REds-BEMAGTIGINGSPROGRAM

Vervolgens word elke module wat tydens die REds-bemagtigingsprogram behandel is uiteengesit aan die hand van die doel, inhoud en hulpmiddels gebruik tydens elke byeenkoms.

## 5.1 Byeenkoms 1: Bekendstelling

### 5.1.1 Doel

- ❖ Om mekaar te leer ken,
- ❖ Om die sleutelkonsepte wat verband hou met die REds-bemagtigingsprogram te verken,
- ❖ Om die etiese grense wat die REds-bemagtigingsprogram daarstel te verken, en
- ❖ Om groepreëls te bepaal (Theron, 2007a:4).

### 5.1.2 Inhoud

Tydens die eerste byeenkoms leer respondente en die navorser mekaar ken. Respondente bespreek die konsepte ‘geaffekteer’ en ‘ondersteuning’, aangesien ondersteuning die basis van die program vorm. Die storie van Yulia en Mukasa word

voorgelees aan die respondente. Die storie handel oor Yulia en Mukasa en behels hoe hul verhouding ontwikkel het en hoe Mukasa die MI-virus gekry het. Die storie dien die doel om inligting te verskaf oor die MI-virus en hoe om die virus te hanteer. Die doel van die bemagtigingsprogram word ook met die respondente bespreek en 'n ooreenkoms word opgestel rondom 'n program skedule. Respondente se verwagtings word bespreek en groepreëls word opgestel. Etiese kwessies word ook met respondente bespreek.

### 5.1.3 Hulpmiddels gebruik

- ❖ Uitdeelstuk 1 (Bylaag 9) – simboliese werkstuk waardeur respondente verduidelik hoe hulle hulself sien,
- ❖ Die storie van Yulia en Mukasa om sleutel konsepte aan respondente te verduidelik, en
- ❖ Uitdeelstuk 3 (Bylaag 10) – gedig, "*I walk down the street*", ter samevatting van die byeenkoms.

## 5.2 Byeenkoms 2: MIV- en VIGS handleiding vir onderwysers (deel 1)

Die onderwerp is in twee dele verdeel, aangesien die inhoud wat bespreek word, nie in een byeenkoms gedek kan word nie.

### 5.2.1 Doel

- ❖ Om kennis te verkry oor die MIV- en VIGS-pandemie,
- ❖ Om vrees te oorwin in terme van die mites oor die oordra van MIV en VIGS, en
- ❖ Om meer selfvertroue te hê en gemaklik te wees sodat die respondente bemagtig word om hulself sowel as hul gesinslede te kan help (Theron, 2007a:11).

### 5.2.2 Inhoud

Tydens die tweede byeenkoms word feite ten opsigte van MIV en VIGS bespreek. Dit sluit ook 'n bespreking in van hoe om siek persone tuis te versorg, hoe om persone te versorg wat besig is om te sterf en hoe om algemene MIV en VIGS verwante probleme tuis te hanteer. Die respondente word herinner aan die storie van Yulia en Mukasa om die feite rondom MIV en VIGS te verduidelik. Mites ten opsigte van MIV en VIGS, voorkoming van oordraging van die virus asook die verskillende fases van MIV infeksie word bespreek.

### 5.2.3 Hulpmiddels

- 'n Animasie uittreksel van Uganda om die fases van MIV infeksie te verduidelik (Bylaag 11),
- 'n Pamflet van Khomanani, "*Anti-Retroviral treatment for life!*" is aan elke respondent verskaf (Bylaag 12),
- 'n Pamflet van Khomanani, "*Key points about HIV and AIDS*" is aan elke respondent verskaf (Bylaag 13), en
- Elke respondent het 'n MIV lapelwapen ontvang.

## 5.3 Byeenkoms 3: Hoe om ondersteuning te gee en te ontvang

### 5.3.1 Doel

- Om inligting te verskaf oor ondersteuningshulpbronne vir respondente,
- Om inligting te verskaf oor ondersteuningshulpbronne vir MIV en VIGS weeskinders en weerlose leerders, en
- Om respondente te voorsien van rou-smart en begeleidingsvaardighede om sodoende leerders te help om rou en sterftes te hanteer (Theron , 2007a:23).

### 5.3.2 Inhoud

Tydens die derde byeenkoms is die inhoud van byeenkoms een en twee hersien. Die belangrikheid van ondersteuning is aan die respondente geïllustreer. ’n Lys van ondersteuningstelsels binne die gemeenskap wat respondente kan benut, is saamgestel. Vanuit die lys is ’n telefoonlys saamgestel wat aan elke respondent verskaf is. Rou-smart en begeleidingsvaardighede is bespreek en respondente het verwante aktiwiteite voltooi. Die tema ‘dood’, is bespreek sodat onderwysers gemaklik daaroor kan voel. Die byeenkoms is afgesluit met ’n motiveringsliedjie. Terwyl die liedjie gespeel het, het respondente tekeninge gemaak van hulpbronne vir persone met MIV en VIGS (Bylaag 8).

### 5.3.3 Hulpmiddels

- ❖ Uitdeelstuk 5 (Bylaag 14) is deur respondente voltooi om ondersteuningstelsels binne hul gemeenskap te identifiseer,
- ❖ ’n Telefoonlys is aan elke respondent verskaf, ten einde hul van ’n ondersteuningstelsel binne hul gemeenskap te voorsien (Bylaag 15),
- ❖ ’n Gedig deur Mary Fry, “*I did not die”*, om die tema van ondersteuning te bespreek (Bylaag 16)(Theron, 2007a:28),
- ❖ ’n Tabel opgestel deur Theron (2007a:29-31) wat riglyne bevat oor hoe om die rou proses te hanteer (Bylaag 17), en
- ❖ ’n Storie, geskryf deur Robert D. Smith, *The Amelia Center*; www.Ameliacenter.org, ten opsigte van die belangrikheid van aanvaarding van die dood (Bylaag 18)(Theron, 2007a:36).

## 5.4 Byeenkoms 4: MIV- en VIGS handleiding vir onderwysers (deel 2-4)

Die onderwerp is in twee dele verdeel, aangesien die inhoud nie in een byeenkoms bespreek kan word nie.

### 5.4.1 Doel

- Om vrees te oorwin ten opsigte van MIV en VIGS in terme van tuisversorging van siekes, infeksie beheer tuis en die gebruik van basiese medikasie-beginsels,
- Om vaardighede aan te leer wat die geïnfekteerdes en geaffekteerdes sal help om gesond te bly,
- Om te leer hoe om persone te versorg wat in die sterwensproses is,
- Om te leer hoe om algemene MIV- en VIGS-gesondheidsprobleme tuis te identifiseer en te hanteer,
- Om te leer hoe om gevaartekens raak te sien en hoe en wanneer om hulp te soek, en
- Om te leer hoe om meer selfvertroue te kry en gemaklik te voel om sodoende ander persone te kan help (Theron, 2007a:39).

### 5.4.2 Inhoud

Tydens die vierde byeenkoms is daar oor die inhoud van byeenkoms drie gereflekteer. Die storie van Yulia en Mukasa is benut om die volgende temas te bespreek:

- Versorging van siekes tuis,
- Infeksie beheer tuis, en
- Die gebruik van medikasie – basiese beginsels.

### 5.4.3 Hulpmiddels

- Khomanani pamflette ter inligting vir groeplede (Bylaag 12 en 13).

## 5.5 Byeenkoms 5: Hoe om stigma te hanteer

### 5.5.1 Doel

- Om die konsep stigma te verken,

- ❖ Om die verskillende opsies van hoe om die konsep van 'stigma' aan te spreek, te verken, en
- ❖ Om hanteringsvaardighede ten opsigte van stigma te verken (Theron, 2007a:80).

### 5.5.2 Inhoud

Tydens die vyfde groepbyeenkoms is die konsep van 'stigma' met respondente bespreek. Stigma is deur respondente uitgebeeld deur middel van 'n rollespel, soos wat hul dit ervaar of self gesien het. Respondente is in pare verdeel om 'n rollespel uit te beeld. Tekeninge is benut om aan respondente te verduidelik dat MIV en VIGS nie 'n siekte is wat eie is aan nie-blankes nie en dat dit alle rasse affekteer. Daar is aan respondente verduidelik dat 'stigma' verstaan moet word alvorens dit aangespreek kan word.

Voorbeelde van stigmatisering by skole is aan respondente voorgehou en bespreek, soos byvoorbeeld:

- ❖ Neem nie die MIV- en VIGS-pandemie ernstig op nie,
- ❖ Vermyding van kontak met persone wat geïnfekteer is met die MI-virus, en
- ❖ Vermy gedrag soos handskud, gebruik van dieselfde toilette en vermy die soen van persone wat geïnfekteer is deur die MI-virus.

In-diepte kennis ten opsigte van die MIV- en VIGS-pandemie is ook met respondente bespreek. Respondente is gevra om 'n tekening te maak van 'n skool sonder enige stigmatisering. Idees is uitgeruil oor hoe om stigmatisering te bekamp, byvoorbeeld:

- ❖ Onderwysers moet kinders wat gebuk gaan onder die MIV-en VIGS-pandemie ondersteun,
- ❖ Ondersteuningsgroepe moet by skole en in die gemeenskap gevestig word, en
- ❖ Implementeer Bana Pele.

Die volgende strategieë oor hoe om stigmatisering te hanteer, is bespreek:

- ❖ Vermy situasies waar individue die spot kan dryf met die persoon,

- Maak grappies oor die siekte. Individue kan die onderwerp met ligsinnigheid hanteer om sodoende deel te voel van die groep,
- Verduidelik aan almal waarom die persoon siek is of sekere simptome toon, en
- Ignoreer stigmatiseerders deur op te staan vir jou regte.

Respondente het die strategie bespreek wat hul dink die beste is om te volg.

### 5.5.3 Hulpmiddels

- Uitdeelstuk 8 (Bylaag 19) is benut om stigma te bespreek (Theron, 2007a:30-32), en
- Uitdeelstuk 9 (Bylaag 20), inspirerende gedagte stukkies, is benut as samevatting van die groepbyeenkoms (Theron, 2007a:33-35).

## 5.6 Byeenkoms 6: Werksbeleid ten opsigte van miv en vigs. Riglyne vir onderwysers

### 5.6.1 Doel

- Om wetgewing ten opsigte van MIV en VIGS in die onderwysstelsel te bespreek,
- Om onderwysers se regte ten opsigte van diskriminasie in die konteks van MIV en VIGS te bespreek,
- Om onderwysers se regte ten opsigte van afwesigheid en verlof in die konteks van MIV en VIGS te bespreek,
- Om onderwysers se regte ten opsigte van beskerming teen MIV en VIGS by skole te bespreek, en
- Om ’n ondersteunende skoolomgewing in die konteks van MIV en VIGS te bespreek (Theron, 2007a:94).

### 5.6.2 Inhoud

Tydens die groepbyeenkoms is inligting aan respondente verskaf ten opsigte van hul regte as onderwysers aangaande MIV en VIGS. Onderwysers moet kennis dra van hul regte ten opsigte van diskriminasie, afwesigheid en beskerming. ‘n Definisie van ’n ondersteunende skoolomgewing is bespreek en respondente kon ook hul skoolomgewing evalueer.

### 5.6.3 Hulpmiddels

- Uitdeelstuk 11 (Bylaag 21) is benut om diskriminasie te bespreek (Theron, 2007a:39-40),
- Uitdeelstuk 12 (Bylaag 22) is benut om onderwysers se regte ten opsigte van afwesigheid te bespreek (Theron, 2007a:41), en
- Uitdeelstuk 13 (Bylaag 23) is benut as gevolgtrekking van die groepbyeenkoms (Theron, 2007a:42).

## 5.7 Byeenkoms 7: Hoe om spanning te hanteer

### 5.7.1 Doel

- Om die konsep van ‘spanning’ te verken, en
- Om hanteringsvaardighede ten opsigte van spanning te verken (Theron, 2007a:110).

### 5.7.2 Inhoud

Respondente is van klei voorsien en versoek om iets te maak wat spanning in hul lewens simboliseer. Hul moes ook ’n verduideliking verskaf waarom die spesifieke simbool spanning in hul lewens veroorsaak. Die sekondêre doel van die aktiwiteit is om aan respondente te illustreer dat spanning verminder kan word deur met klei te speel. Spanning is geïdentifiseer en ’n bespreking het plaasgevind oor hoe om dit te verminder. Die groepbyeenkoms is afgesluit deur ontspanningsmusiek te speel.

### 5.7.3 Hulpmiddels

- Klei is aan elke respondent verskaf sodat hulle ’n item kan uitbeeld wat spanning in hul lewens veroorsaak,
- Die storie van Yulia en Mukasa ter bespreking van spanning,
- “My joy list” as ’n voorbeeld van hoe om spanning te verminder (Bylaag 24), (Theron, 2007a:116), en
- Ontspanningsmusiek om die groepbyeenkoms mee af te sluit.

## 5.8 Byeenkoms 8: Weerstand

### 5.8.1 Doel

- Om respondente se weerstand teen die MIV- en VIGS-pandemie te bepaal,
- Om verdere stappe ter bevordering van weerstand te bepaal, en
- Om elkeen se verbintenis tot ander persone, vir die doel van weerstand, te beklemtoon (Theron, 2007a:128).

### 5.8.2 Inhoud

’n Demonstrasie deur middel van ’n groen takkie om die konsep van weerstand te illustreer. ’n Koerant uitknipsel is benut om weerstand verder te illustreer. Respondente is herinner aan die oorhoofse doel van die REds-bemagtigingsprogram, naamlik om alle respondente te bemagtig om die MIV- en VIGS-pandemie te kan hanteer. Respondente het ook hul eie definisie van weerstand verskaf en ook verduidelik hoe hulle weerstand opgebou het deur middel van die REds-bemagtigingsprogram. Stappe ter bevordering van weerstand is met respondente bespreek en hulle het aktiwiteite in dié verband voltooi. Ondervraging van respondente het ook plaasgevind ten einde hul voor te berei dat daar slegs een groepbyeenkoms oor is en hul die geleentheid te gee om hulself voor te berei ten opsigte van die afsluiting van die groep. Respondente is in kennis gestel dat die navorser en respondente tydens die laaste byeenkoms saam sal eet ter afsluiting van die groep.

### 5.8.3 Hulpmiddels

- ’n Groen takkie om die konsep van weerstand te illustreer,
- ’n Koerant uitknipsel ter illustrasie van weerstand (Bylaag 25) (Matekane, 2008:1- 2),en
- “The A-Z of resilience’ (Bylaag 26) (Theron, 2007a:136-137), as stappe tot bevordering van weerstand.

## 5.9 Byeenkoms 9: Gevolgtrekking en afsluiting

### 5.9.1 Doel

- Om die REds-bemagtigingsgroep af te sluit (Theron, 2007a:139).

### 5.9.2 Inhoud

Die byeenkoms is benut as samevatting van al die groepbyeenkomste. Daar is terug verwys na die storie van Yulia en Mukasa. Respondente is gevra om hul ervaring ten opsigte van die REds-bemagtigingsprogram met mekaar te deel en ook vraelys vier (Bylaag 27) te voltooi ten einde aanbevelings te maak oor die program. Respondente is versoek om die navorser in kennis te stel indien hul na drie maande ’n opvolgbyeenkoms benodig. ’n Sertifikaat-seremonie het gevolg en daarna is die byeenkoms afgesluit met ’n ete.

### 5.9.3 Hulpmiddels

- Sertifikate is aan elke respondent uitgedeel (Bylaag 28).

## 6. BESPREKING

Die media en ander bronne verskaf ’n wye spektrum van inligting ten opsigte van die MIV-en VIGS-pandemie. Die publiek word oorweldig deur inligting oor MIV en VIGS, wat op die einde van die dag nie benut word nie as gevolg van ’n verskeidenheid van faktore, onder andere tydsbeperking en inligting wat nie benutbaar is in ’n praktiese vorm nie.

Die "*Resilient Educators Support Programme"* (REds-bemagtigingsprogram) is 'n effektiewe program spesifiek geformuleer vir lewensoriëntering-onderwysers en alreeds in 'n aantal provinsies in Suid-Afrika toegepas en geëvalueer. Die program is in 'n praktiese vorm voorberei wat baie goed verstaanbaar is. Onderwysers vervul 'n baie belangrike rol in die samelewing en is nou betrokke by kinders. Dit is ook onderwysers wat gebuk gaan onder die hantering van die opvoeding van kinders en die hantering van kinders se persoonlike probleme. Dit sluit in die MIV- en VIGS-pandemie wat duidelike spore laat in onderwysers en kinders se lewens. Onderwys van kinders bestaan duidelik nie net uit die opvoedingskomponent nie, maar moet onderwysers ook in staat wees om 'n verskeidenheid take te voltooi en 'n verskeidenheid rolle te vertolk.

Die REds-bemagtigingsprogram is spesifiek geformuleer vir onderwysers en stel hul in staat om weerstand op te bou en te leer hoe om die MIV- en VIGS-pandemie by skole, sowel as in hul persoonlike lewens, te hanteer. Die nege modules wat in die REds-bemagtigingsprogram bespreek word, fokus op spesifieke onderwerpe om sodoende weerstand by onderwysers te bewerkstellig.

## 7. AANBEVELINGS

Aanbevelings wat in hierdie verband gemaak kan word, is die volgende:

- Die storie oor Yulia en Mukasa is te lank en uitgerek. Respondente raak verveeld tydens die lees van die storie. Die storie moet verkort word en kan selfs op band geneem word. Kleurvolle illustrasies kan ook nuttig wees.
- Meer praktiese aktiwiteite kan aangewend word, sodat daar minder voorgelees word. Meeste van die respondente het aangedui dat hul die gedeeltes, wat voorgelees word, as baie vervelig ervaar. Daar behoort meer praktiese aktiwiteite plaas te vind wat respondente kan geniet.
- Inligting oor menseregte wetgewing kan met respondente bespreek word. Die menseregte wetgewing aspek is van belang vir die respondente en kan dit meer uitgebrei word.
- Meer praktiese werk moet plaasvind, byvoorbeeld bespreking van gevallestudies.

## 8. SAMEVATTING

Die doel van hierdie artikel was om die aard en inhoud van die REds-bemagtigingsprogram te bespreek. Die aard van die REds-bemagtigingsprogram is bespreek aan die hand van:

- ’n Definisie van groepwerk,
- Verskillende fases van groepwerk,
- Klassifisering van groepe, en
- Die voor- en nadele van groepe.

Die inhoud van die REds-bemagtigingsprogram is bespreek aan die hand van ’n uiteensetting van die nege modules waaronder die volgende bespreek is:

- Doel van die module,
- Inhoud van die module, en
- Hulpmiddels wat tydens die bepaalde module benut is.

Vanuit die bespreking van die aard en inhoud van hierdie program is dit duidelik dat die REds-bemagtigingsprogram daarop fokus om lewensoriëntering-onderwysers te help om weerstand en veerkragtigheid op te bou teen die MIV- en VIGS-pandemie en onderwysers instaat te stel om effektiewe dienslewering te verskaf ten opsigte van die MIV- en VIGS-pandemie. Die program bemagtig onderwysers ook ten opsigte van hul persoonlike lewens en omstandighede.

## BIBLIOGRAFIE

ABDOOL KARIM, S.S., ABDOOL KARIM, Q. 2010. Birth of a rapidly growing epidemic. Overview of the book. (*In* Abdool Karim, S.S. & Abdool Karim, Q., *eds.* HIV/AIDS in South Africa. 2nd ed. Cambridge: Cambridge University Press. pp.45-54.)

BECKER, L. 2005. Working with groups. Cape Town: Oxford University Press.

BLUNDO, R. 2001. Learning strengths-based practice: challenging our personal and professional frames. *Families in society*, 82(3):296-304, May/Jun.

CHAZIN, R., KAPLAN, S. & TERIO, S. 2000. Introducing a strengths/resiliency model in mental health organizations. (*In* Norman, E., *ed*. Resiliency enhancement: putting the strengths perspective into social work practice. Chichester, N.Y.: Columbia University Press. pp.192-210.)

COREY, M.S. & COREY, G. 2002. Group: Process and practice. Pacific Grove: Brooks/Cole Publishing Company.

COREY, C., COREY, G. & COREY, M.S. 2010. Group: Process and Practice. $8^{th}$ ed. Toronto: Brooks/Cole Publishing Company.

COURNOYER, B. 1996. The Social Work Skills Workbook. $2^{nd}$ ed. Pacific Grove: Brooks/Cole Publishing Company.

DORRINGTON, R., BRADSHAW, D. & BUDLENDER, D. 2002. HIV/AIDS profile in the provinces of South Africa: indicators for 2002. Cape Town: Human Sciences Research Council.

DU BOIS, B . & MILEY, K.K. 2005. Social Work. An empowering Profession. $5^{th}$ ed. New York: Pearson Education, Inc.

FROLICH, J. 2010. The impact of AIDS on the community. (*In* Abdool Karim, S.S. & Abdool Karim, Q*., eds.* HIV/AIDS in South Africa. $2^{nd}$ ed. Cambridge: Cambridge University Press. pp.373-392.)

GRAYBEAL, C. 2001. Strengths-based social work assessment: transforming the dominant paradigm. *Families in society*, 82(2):233-242, Mar/Apr.

JACOBS, E.E., MASSON, R.L. & HARVILL, R.L. 2002. Group counselling: strategies and skills. London: Brooks/Cole Publishing Company.

LEE, M. 2003. A solution-focused approach to cross-cultural clinical social work practice: utilizing cultural strengths. *Families in society*, 84(3):385-395, Jul/Sep.

MATEKANE, R. 2008. I love my HIV+ man. He’s infected but I don’t care, says Nolundi! *Daily Sun*, 1-2, 19 Aug.

MOLWEDI, P. 2006. Concern at number of child-headed families. *Natal Mercury*, 5, Jul. 13.

ORSULIC-JERAS, S., SHEPHERD, J.B. & BRITTON, P.J. 2003. Counseling older adults with HIV/AIDS: a strengths-based model of treatment. *Journal of mental health counseling*, 25(3):233-244, Jul. Available: Academic Search Premier.

PRESTON-SHOOT, M. 2007. Effective groupwork. 2nd ed. Hampshire: Macmillan.

ROUX, A.A. 2002. Evaluering van 'n groepwerk-hulpverleningsprogram met MIV-positief / VIGS-pasiënte. Potchefstroom: Potchefstroom Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. (Proefskrif-PhD). 356 p.

SALEEBEY, D. 2004. Response to "Ending social work's grudge match." *Families in society*, 85(4):588-590, Oct/Dec.

SCHATZ, M.S. & FLAGLER, M.N. 2004. Examining how professionals describe the strengths perspective in their practice. *Journal of Baccalaureate social work*, 9(2):63-77. Available: Academic Search Premier.

SIMMONS, A.M. 2001. AIDS draining South Africa's schools. *Los Angeles Times*, 12, 23 Dec.

SOUL CITY. 2005. Community action training Mannual. Johannesburg: Jacana Education.

STUTTERHEIM, E. & WEYERS, M.L. 2004. Strengths-focused intervention: the new approach of the social work services of the South African Police Service(SAPS). *Social work/Maatskaplike werk*, 40(1):1-24, Mar.

THERON, L.C. 2005. Educator perception of educators' and learners' HIV status with a view to wellness promotion. *South African Journal of Education,* 25(1):56-60.

THERON, L.C. 2007a. Resilient Educators(REds): A support program for educators affected by the HIV and Aids pandemic. Vanderbijlpark: North-West University.

TOSELAND, R.W. & RIVAS, R.F. 2001. An introduction to group work practice. London: Allyn and Bacon.

TOSELAND, R.W. & RIVAS, R.F. 2005. An introduction to group work practice. London: Allyn and Bacon.

TOSELAND, R.W. & RIVAS, R.F. 2009. An Introduction to group work practice. 6th ed. Boston: Allyn and Bacon.

ZASTROW, C.H.  2009. Social Work with groups: a comprehensive workbook. 7th ed. Belmont: Brooks/Cole Publishing Company.

ZASTROW, C.H. & KIRST-ASHMANN, K.K. 2004. Understanding human behavior and the social environment. 6th ed. Belmont: Brooks/Cole Publishing Company.